

BOEKBESPREKINGS

Dagboek van Adam Tas 1705-1706. Uitgegee deur Leo Fouché, B.A. (Kaap), Ph. en Litt. D. (Gent) en hersien deur A. J. Böeseken, B.Ed. (Kaapstad), M.A. en D. Phil. (Stell.). Engelse vertaling deur dr. J. Smuts, M.A., Ph. D. (Kaapstad). Pp. 403. Tweede reeks Nr. 1, Van Riebeeck-vereniging, Kaapstad 1970.

Met hierdie heruitgawe van die dagboek van Adam Tas, begin die Van Riebeeck-vereniging met 'n nuwe reeks. Dit is paslik dat die ou reeks afsluit met die *Selections from the Correspondence of J. X. Merriman*, die man wat grootliks verantwoordelik was vir die stigting van die Vereniging in 1917 en wat ook die eerste voorsitter daarvan was. Oor die jare, van 1918 tot 1969, het 'n waardevolle reeks van vyftig boekdele verskyn, waarvan die invloed op ons geskiedskrywing seker nie oorskakel kan word nie.

Die eerste uitgawe van die *Dagboek van Adam Tas* is nie een van hierdie reeks van vyftig publikasies nie. Tog staan dit direk in verband daarmee. Soos die huidige voorsitter van die Van Riebeeck-vereniging, prof. J. du P. Scholtz, in die voorwoord van die huidige uitgawe verduidelik, het A. C. G. Lloyd, destyds hoofbibliotekaris van die Suid-Afrikaanse Biblioteek in 1911 hierdie fragment van Adam Tas se dagboek onder die manuskripte van die Van Dessin-versameling ontdek; nog 'n kopie daarvan is in Nederland gevind, en op aandrang van Merriman is dit in 1914 uitgegee. Die gunstige ontvangs wat hierdie publikasie en 'n daarop volgende, A. van Pallandt se algemene opmerkings oor die Kaap die Goeie Hoop (1793), te beurt geval het, het direk aanleiding gegee tot die stigting van die Van Riebeeck-vereniging, met as doel die publikasie van „seldsame en waardevolle boeke, pamflette en dokumente betreffende die geskiedenis van Suid-Afrika” (Grondwet).

Volgens prof. Scholtz is besluit om oor te gaan tot 'n tweede reeks omdat ruim die helfte van die ou reeks uit druk en baie skaars is en daar nou aan die lede die geleentheid gegee word om 'n nuwe reeks op te bou, asook die feit dat die ou reeks na die uiterlike nie meer aan die huidige smaak voldoen nie. „'n Tweede reeks gee ons die geleentheid om formaat, band en tipografie meer in ooreenstemming met moderne idees omtrent boekversorging te bring”, aldus prof. Scholtz. Hierdie nuwe uitgawe is dan ook smaakvol wat betref die band en tipografiese versorging. Dit beloof om 'n baie mooi reeks te word en 'n mens kan verwag dat die ledetal van die Vereniging as gevolg hiervan sal styg.

Dat die oorspronklike inleiding en uitvoering aanhangsel asook die algemene toeligting van die boek, wat onveranderd van die ou uitgawe orgeneem is, vandag nog so weinig verouderd aandoen, getuig van die uitstekende vakmanskap van prof. Fouché. Dit is interessant om op te merk hoe sy kollegas aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege hom bygestaan het. Prof. A. C. Paterson, destyds rektor, het die dagboek in Engels vertaal, dr. L. C. de Villiers het die kaarte geteken en proff. H. Reinink en J. Purves het die proewe help lees.

Die nuwe uitgawe is veel beter toegelig deur middel van voetnote as die oue. Die van prof. Fouché is behou, dit is slegs in Afrikaans vertaal. Origens het bygekom uitvoeringe voetnote in die vorm van verklarende aantekeninge van dr. A. J. Böeseken, kenner by uitstek van die Van der Stel-periode, en prof. A. M. Hugo en mnr. J. van der Bijl, wat ook 'n besondere kennis van die geskiedenis van Stellenbosch beskik. Op dié wyse het die voetnote eintlik meer as die teks geword. Byna elke persoon wat in die dagboek genoem word, word aan die lesers voorgestel.

Die aanhangsel handel oor *De Klachten der Vrijburgers tegen de Gouverneur, Willem Adriaan van der Stel*. Die sogenaamde „Van der Stel Kwestie” was toe nog in die brandpunt van historiese belangstelling. Onder die verdedigers van W. A. van der Stel was daar „Leibbrandt en zijn school”, waaronder mev. A. F. Trotter en J. Colvin in minder belangrike werke wat hule oor die geskiedenis van Suid-Afrika geskryf het en ook prof. J. Edgar, van die South African College, in sy skoolhandboek *The Expansion of Europe*. Prof. Fouché vind dit nodig om teen hierdie werke stelling in te neem en die misdrywe van Van der Stel aan die kaak te stel. Hy doen dit op ’n bekwame wyse, maar daardeur kry sy betoog tog iets van ’n subjektiewe kleur. Hoe ook al, die aanhangsel is historio-grafies interessant. Dit gee ’n goeie indruk van die stand van ons wetenskaplike geskiedskrywing teen die jaar 1914.

Tog is dit maar weer die dagboek self wat die hoofaandag trek. Die spottende en pittige verteltrant van Adam Tas verouder nie. As voorbeeld dien die volgende greep uit die inskrywing van Maandag 15 Junie 1709 (pp. 38, 39): „Vandaar ben ik gewandeld ten huijze van Mr. Mahieu, alwaar de Hr. Bek was; moedertje van den Brink quam ook daar; onder ’t smooen van een pijp tabak wierde mij verteld, als dat gisteren namiddag voor ’t huijs van Jacobus de schoenmaker een oorlog was ontstaan, gemelde Jan Hagelse schoenflicker was, met zijn boosaardig wijf geadsisteerd, ’t wijf van Christiaan Marentsz. (in die wandeling Mosterts Marij genaamt) op de huijd gekomen. ’t Wijf van den schoenflicker sloeg Mosterts Marij met een pik tegen ’t hoofd dat er ’t bloed by neer liep; deselve viel door die slag ter aarden; toe quam de schoenmaker toeloopen ten traptan dat nederleggende vrouwe-schepsel met de voeten op de borst, buik enz. Ondertusschen was des flikers wijff ook niet stil, maar roerde de vuissten zoo hard als zij konde en ongetwijfeld zouden se dat schepsel hebben dood geteijsterd, zoo de Hr. Bek niet was op ’t mat gekomen . . .” Sulke woeste tonele het darem nie elke dag in Stellenbosch voorgekom nie.

F. J. du T. Spies.

Kariel, Henry, S. (Red.) *The Political Order: A Reader in Political Science*, pp. 399, Basic Books Inc., Publishers, New York, London, 1970. \$10.00.

Henry Kariel is tans professor in Staatsleer aan die Universiteit van Hawaii. Verskeie werke het reeds uit sy pen verskyn o.a. *The decline of American Pluralism* en *Promise of Politics*. In hierdie werk tree hy as redakteur op terwyl verskeie erkende skrywers op die gebied van die Staatsleer bydraes daarin lewer.

The Political Order bestaan uit ’n vyftal afdelings, tématies gerangskik, elk met verskeie hoofstukke waarin ’n wye gebied van die Staatsleer behandel word. In die eerste deel wat oor die vraagstuk van normes in die politiek gaan, het erkende kundiges op die vakgebied bydraes gelewer o.a. H. Avendt en Harold D. Laswell. Die tweede deel het „Challenges to Politics” as tema en daarin word meer aandag gegee aan die probleme wat die moderne demokrasie ondervind, die vraagstukke van die moderne industriële gemeenskap en ekonomiese aspekte. Bekende skrywers o.a. Barabara Ward, E. H. Carr, Kenneth, E. Boulding en R. Emerson het bydraes gelewer. Die derde deel het meer betrekking op ideologiese aspekte in die staatkunde en gee in verskeie hoofstukke aandag aan nasionalisme, kommunisme, korporatisme, demokratiese sosialisme en selfs die huidige „Black Power”-beweging in die Verenigde State van Amerika. Die vierde deel het weer in besonder betrekking op politieke instellings, prosesse en omstandighede in die Verenigde State van Amerika. Die laaste en vyfde het meer betrekking op die vakgebied staatsleer in die algemeen.

Hierdie saamgestelde werk van Kariel gaan mank aan die algemene gebrek van die sogenaamde populêre „readings”. Dit ontbreek aan ’n sentrale tema en is vanselfsprekend weens die bydraes van soveel skrywers fragmentaries. In een opsig is dit nuttig in die sin dat deur kort opstelle ’n breë studierrein gedek word, maar in ’n ander opsig het dit geen besondere betekenis vir die ernstige student van die vakgebied nie. Die werk gee voor om van nut te wees vir die beginners in ’n staatsleer-kursus, maar of dit werklik die geval is, is hoogs twyfelagtig. Ondervinding oor baie jare het geleer dat die enigste konstruktiewe werk wat gedoen kan word, is om die basiese beginsels van die vakgebied by die student tuis te bring, en dit kan nie deur hierdie tipe aanbieding gedoen word nie. Trouens, die indruk word gewek, dat in die meeste gevalle „readings” meer betrekking op publikasies het, as op ’n bydrae tot die vakgebied, want die meeste materiaal wat daarin verskyn, het gewoonlik alreeds elders, en dikwels in ’n meer volledige vorm, verskyn. In hierdie opsig is die werk van Kariel geen uitsondering nie. In weerwil van die kritiek wat uitgespreek kan word, is die werk tog ook van waarde vir diegene wat ’n algemene oorsig verlang van die vraagstukke waarmee die vakman in die moderne wêreld opgeskeep sit. Dit kan dus as ’n vinnige naslaanwerk gebruik word indien nie te veel diepte verlang word nie. Hiervoor leen die werk hom by uitstek vanweë ’n volledige indeks wat aangebied word sowel as ’n geselekteerde boekelys waarin basiese werke, wat gebruik kan word, aangedui is. Die besondere waarde van die werk moet dus daarin gesoek word dat dit ’n oorsig bied van die moderne vraagstukke waarmee die huidige geslag te doen het en sodoende die student bewus maak van die omvang van die probleme van die moderne staat.

C. F. Nieuwoudt.

Naudé, J. D.: *Genl. J. B. M. Hertzog en die Onstaan van die Nasionale Party.*

Pp. 194. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1970. R2,10.

Hierdie werk is oorspronklik in 1964 as Magister-verhandeling aan die Potchefstroomse Universiteit ingedien. Dit trag om ’n „spesiale studie” te maak van die faktore wat genl. J. B. M. Hertzog beweeg het om die Nasionale Party te stig. As sodanig betrek dit ’n reeks wydgeskakeerde gebeurtenisse wat ’n deurslaggewende rol gespeel het in die vorming van die Afrikaner se nasionale bewussyn en die uitkristallisering van sy politieke ideale.

Die skrywer het ’n indrukwekkende lys van bronne geraadpleeg en was ook bevoorreg om met spesiale vergunning die Hertzog-versameling vir die jare 1912-1914 te bestudeer. Ten spyte hiervan moet gekonstateer word dat hierdie werk weinig nuwe feite aan die lig bring en dat die grootste verdienste van die boek daarin lê dat die skrywer getrag het om al die beskikbare feite in verband met hierdie belangrike politieke ontwikkeling bymekaar te bring.

Daar is heelwat kritiek wat teen die werk ingebring kan word. Die onervarendeheid en onrypheid van die skrywer om so ’n kontensieuse onderwerp te hanteer, duik orals op. Mnr. Naudé het ’n grenselose bewondering vir genl. Hertzog — iets wat elke Afrikaner seker het —, maar hy slaag nie daarin om wetenskaplik-objektief te bly nie, veral wanneer die paaie van genls. Botha en Smuts met dié van genl. Hertzog kruis. Soos dit hier aangebied word, is dit ’n onvoorwaardelike regverdiging van Hertzog *ten koste van Botha en Smuts*. ’n Mens sou hierdie persoonlikhede teenoor mekaar kon stel en hule onbevooroordeelde vergelyk, maar dis nie eens nodig nie, want bloot deur onbevange die feite te stel, kan tot ’n objektiewe oordeel geraak word en word Hertzog se optrede duidelik en verstaanbaar sonder dat Botha en Smuts afgetakel moet

word. In hierdie werk word „die ander kant van die saak” egter selde gestel. As ’n enkele voorbeeld aangehaal moet word, kan verwys word na die geleentheid wat Botha vir Hertzog gegee het om tot die kabinet terug te keer, maar waarvan Hertzog nie gebruik gemaak het nie. Meer nog: van ’n intuïtiewe indringing wat die *botsing tussen hierdie persoonlikhede* (want dis wat dit per slot van sake was!) volledig in samehang met die destydse polities-sosio-ekonomiese opset wil begryp, is daar selde sprake. Daar is geen indringende karakter-ontleding nie — só sou motiewe blootgelé en handeling sinvol begryp en verklaar kon word.

Daar is voorts ’n onvermoë om die vaste gang van Afrikanse nasionalisme wat dwarsdeur ons geskiedenis uitgestippel lê en wat ná 1902 duideliker as ooit word, in al sy geledinge te openbaar. Nêrens word bv. gepoog om te verduidelik waarom Hertzog nie in 1907 premier van die Oranje-Kolonie geword het nie. Die feit dat die Boere se militêre leiers ná Vereeniging besluit het om eerder volksleiers te bly as om mede-verantwoordelik te wees vir die Milner-administrasie word nooit erken nie. Ook die konsekwensies van die uiteindelijke skeuring binne Afrikaner-geledere word nie in al sy geledinge verstaan nie: die uiters belangrike feit dat dit nou juis die Bittereinder-element was wat geskeur het — wat die verlies vir die Afrikanerdom des te groter gemaak het — geniet geen waardering nie.

Sonder meer word aanvaar dat genl. Botha se konsiliasie-politiek „ewige dankbaarheid” (p. 52) teenoor Brittanje was en dit word in sterke taal veroordeel. Daar is geen sprankie van waardering vir Botha se „middeweg-beleid” wat in die destydse omstandighede miskien die enigste uitweg uit ’n dilemma was nie. Botha was ten tye van sy kabinetsvorming geensins *seker* dat die meerderheid blankes in die land hom steun nie: die getal setels in die O.V.S. en Natal het mekaar uitgekanselleer; in Transvaal was die stedelike kiesafdelings oorwegend teen Botha (hyself is in een verslaan!) en in Kaapland het Merriman se ekonomiese fiasko die Suid-Afrikaanse Party ongewild gemaak. Daarom was Botha bereid om sy reputasie en sy aansien onder sy eie mense te waag *solank die Afrikaners van die twee eertydse republieke maar in staat gestel word om te regeer!* ’n Optelsom sal hierdie bewering staaf.

Verder is daar ’n onvermoë om Hertzog se *tweestroom-beleid* te begryp en te verklaar. Dit moes die skrywer teruggevoer het tot die Vrystaatse realiteit vóór 1900. Toe is dié beleid so geslaagd deurgevoer dat talle Engelssprekendes in die Vrystaatse staatsdiens gevorder het en tientalle saam met die Boeremagte te velde was. Dan fouteer die skrywer verder: hy beweer bv. (p. 31) na aanleiding van Smuts se onderwyswet: „Dit was nou duidelik dat die paaie van Hertzog en Smuts vir goed uiteen sou loop.” Hier is dit die geval van ’n navorser wat uit eie tyd terug projekteer om ’n bepaalde vooringenome standpunt te regverdig. In 1907 was dit nog geensins duidelik dat Smuts en Hertzog by die kruispad gekom het nie; trouens, hulle het albei kort hierna saamgewerk om die Unie van Suid-Afrika met twee gelykberegtigde landstale tot stand te bring!

By ’n volgende geleentheid projekteer die skrywer weer progressief (p. 17) na aanleiding van Hertzog se inval in die Kaapkolonie tydens die Anglo-Boereoorlog: „Later, . . . toe die Afrikaner op die kruispad gestaan het en toe hulle moes kies tussen die konsiliasiebeleid van genl. L. Botha en die beleid van Hertzog wat die belange van Suid-Afrika eerste gestel het, het dit ’n sterk invloed op die Suid-Afrikaanse politiek uitgeoefen.” Daar is voorts (p. 69) die bewering dat pres. M. T. Steyn in 1911 „geweet het” dat Botha se houding tot skeuring sou lei.

Maar sover die tekortkominge in konsepsie en vertolking van feite-materiaal. Daar kom verder te veel feite-foute voor, bv.: die verwysing (p. 13) na „die

O.R.K.-konstitusie van 1854"; die aanklag teen die Boere (p. 15) dat daar „in een stadium blykbaar niemand (was) wat wou veg nie . . .”; dan word weer opgehaal van die „Vrystaat” (p. 19) in die jaar 1907! Feit is dat die O.R.K. eers tot stand gekom het ná die verowering van die Vrystaat deur Britse magte in 1900! In hierdie verband word ook gepraat (p. 29) van die „Traktaat van die Vrede van Vereeniging” en dan word Britse historici klakkeloos nageskryf in verband met die sogenaamde „kompensasie” (p. 20) ná die oorlog. Dis reeds uit amptelike Britse Blouboeke bewys dat daar nooit soiets soos kompensasie was nie. Dan volg daar die onmoontlike stelling (p. 35): „(Genl. Louis Botha, destydse eerste minister van die Transvaal en die Vrystaat.” (sic!) Spelfoute is ook aan die orde van die dag: Goold Adams (p. 23 en p. 24), wat op die daaropvolgende bladsy ’n Luitenant-generaal in plaas van *luitenant-goewerneur Goold-Adams* word. Verder is daar die *Orangie Unie* in plaas van *Orangia Unie*; *gebasseer* (p. 41), *Louise* (sic!) *Botha* (p. 50) en die S.A.P. wat eensklaps *Z.A.P.* word (p. 93).

Ons vind voorts ’n Churchill wat Afrikaans praat (p. 40), ’n Hertzog wat ’n belangrike beleidsverklaring in Engels doen (p. 67 en pp. 98-99), en dit terwyl daar juis eersterangse bronne bestaan wat albei se *oorspronklike woorde* korrek in eie taal verstrek. ’n Mens sou ook kon wys op die skrywer se verwarring van die twee begrippe „volk” en „nasie” (p. 18 waar hy verwys na die Afrikaanssprekende deel van die volk”), en die foutiewe aanwending van die woord „rassehaat” waar op verskille tussen Engels- en Afrikaanssprekendes gewys word, ens. So gaan dit by ’n ander geleentheid (p. 26) om „die twee blanke rasse” in plaas van *volks-groepe*.

Ten slotte kom daar te veel tegniese en stilistiese onbeholpenhede voor. In plaas van Headlam, haal die skrywer (p. 18) Steytler (Hertzog Annale, Des. 1960) aan om Milner se oorspronklike Engelse woorde te verstrek. Daar word geskryf van „sir J. B. Robinson” (p. 42), „die heer D. W. Drew” (p. 53) en tot oormaat van ramp word (p. 70) in ’n aanhaling uit Van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn*, II, van *Orangia Vrystaat* geskryf waar dit nog duidelik *Oranje-Vrystaat* lui. ’n Mens sou ook kon wys op die gebruik van cliches soos (p. 107) die „beroemde” mishoop-vergadering van genl. C. R. de Wet. Daar is ook stilistiese swakhede (bv. p. 84 en p. 78): „Sondag verklaar Reuter . . .” en die leser dan moet worstel om vas te stel watter datum dit was. ’n Uiters belangrike bewering (p. 88) bly ongeannoteerd.

’n Mens wil nie onnodig krities staan teenoor hierdie poging nie. Daar is egter te veel onbeholpenheid in die hantering van ’n uiters belangrike politieke ontwikkeling in ons geskiedenis, ’n ooglopende onvermoë om Hertzog en Botha *in hul tyd* te verklaar en duidelike bewyse dat die skrywer nie georiënteer is ten opsigte van die historiese klimaat waarin hy beweeg nie. Dit kan slegs goed doen indien die uitgewers by geval van ’n tweede druk die broodnodige korreksies laat aanbring. Anders huiwer ’n mens daaraan wat kan gebeur indien die oningewyde leser die werk ter hand neem.

A. P. J. van Rensburg.